## 30 November - VERSOENING

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21 (OAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:17-21 (OAV)**
**Dordtse Leerreëls Hfst.2; Heid. Kat. 13 en 23**

Iets nuuts trek altyd aandag – byvoorbeeld 'n baba of 'n nuwe speelding. Vers 17 sê dat "as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel". Dit wil sê: jy, gelowige, het in Christus nuut geword! En tog is jy nog steeds dieselfde persoon, by dieselfde woon- en werkplek. Die verskil is dat jy 'n nuwe lewensinhoud verkry het, naamlik Christus.

Hoe het jy nuut geword? Deurdat God jou "met Homself versoen het deur Christus ..." en deur jou sonde "nie toe te reken nie" (vs 18, 19). Want God het Christus "wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Christus" (vs 21). Sy dood is "oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen" (Dordtse Leerreëls 2:3).

Die woord versoening is in die Ou Testament 'n regsterm wat beteken dat 'n persoon wat 'n ander skade berokken het, die skade moet vergoed met 'n item wat 'n gelyke plaasvervangingswaarde het. Byvoorbeeld 'n oog vir 'n oog; 'n tand vir 'n tand. Of: vader Jakob wat uit vrees vir sy broer Esau 'n klomp geskenke stuur om versoening te doen vir die verkeerde ding wat Jakob teenoor Esau gedoen het. Die bedoeling met die versoeningsgeskenke is dat die verhouding tussen Jakob en Esau nuut moet word. Hulle moet nie meer vyande wees vir mekaar nie, maar broers.

Christus het ons met God versoen en so die verhouding nuut gemaak. "Alles het nuut geword" (vs 17). Waaruit bestaan die nuutword?

- Ek as sondaar word voor God regverdig. Dit is: God reken my uit genade dit toe "asof ek nooit sonde gehad het of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het" (Heid. Kat. 23:60).
- Ek as vyand van God word kind van God (Heid. Kat. 13:33).
- Ek as ter doodveroordeelde word erfgenaam van die ewige lewe (Heid. Kat. 23:59).

Wat moet ons met hierdie nuutwees maak? "Laat julle met God versoen!" (vs 21). Dus: Neem hierdie weldaad met 'n gelowige hart aan en maak dit jou eie (Heid. Kat. 23:60,61). Lééf soos 'n kind van God!

*Sing: Skrifberyming 23:1, 3 (18-5)* *Ds AH Stavast (Kroonstad)*